

SONDAG 13 April 2003  
 NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID  
 OGGENDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet	<u>Oorsig oor finansies</u>	
Liturg	Gebed		
Liturg	Lof	<u>Luk 17:11-19 Tien melaatses</u> LB212:1-3 "Loof die Heer Hy is goed" LB205:1-3 "Bring lof aan die Vader" "Dankie"  <u>Mat 22:15-22</u> LB223:1-3 "Aan Jesus Koning al die eer"  <u>Geloofsbelydenis</u>	LB212:1-3 LB205:1-3 dankie  LB223:1-3  Geloofs
Hannes	Aanbidding	LB197:1-2 "Wonderbare Koning" LB512:1-3 "Nader my God by U"	LB197:1-2 LB512:1-3
Ouderling	Gebedslys		
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	Luk 12:13-21 "Ryk dwaas" Luk 21:1-4 "Gawe van die arm weduwee"	Skrif
Liturg	Preek	Wie staan langs die skatkis?	Skrif
Almal	Toewyding		
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Musiek: Neem my lewe Afkondings op bord	CD1 afkondig
Liturg	Afkondigings		"Afkondig"
Hannes	Lied	LB245:1-3 "Ek wat vergifnis Heer ontvang het" SM8:1-3 "Die eis wat Jesus altyd" Dankoffers	LB245:1-3 SM8:1-3 dankoffe
Liturg	Seën		

LB184:1-4 "Lofsing die Here"  
 LB188:1-3 "Kom dank nou almal God"  
 LB202:1-3 "Prys Hom die hemelvors"

# PREEKSKETS

## INLEIDING

“Ons is die NG Kerk”

- Party mense sê dit staan vir “En gee...en gee... en gee... en gee...”
- Dan is dit dankoffers, dan is dit koeksisters, dan is dit basaar, dan is dit pretdag..
- Dan is dit ‘n pienk vorm, dan ‘n bloue, dan ‘n gele...
- Dan is die dienswerker, dan is dit die ouderling, dan is dit die vrouediens...
- Ons moet net altyd gee...
- NG...NG...NG...NG

Die juffrou behandel in Godsdiensoonderrig die verhaal van die barmhartige Samaritaan.

- Wat wil die storie van die barmhartige Samaritaan vir ons leer?  
As ek in die moeilikheid is, moet iemand my help.
- Hoekom het die priester in die storie verbygehoop?  
Omdat die man alreeds beroof was.

Daar is mense wat regtig dink die kerk wil hulle “berooft”.

Daar is mense wat regtig dink die kerk soek net altyd geld.

Het julle al agtergekom?

- ‘n Mens spot met goed wat vir jou sensitief is?
- As daar ‘n busramp is, maak ons volgende week grappies daarvoor.
- As daar ‘n oorlog is, is dit oorloggrappies.
- As ‘n ruimtetuig ontplof en mense is dood, maak grappies daarvoor.

Grappies is dikwels ons manier om moeilike goed te probeer verstaan.

- Dis ons manier om oor sensitiewe goed te praat.

Hoekom maak ons grappies oor geld in die Kerk?

- Omdat dit vir ons ‘n sensitiewe saak is.

Dit bly maar vir ons moeilik om oor geld te praat:

- Dis vir my bitter moeilik - daarom sal u weet preek ek nooit oor geld nie.
- En tog, aan die begin van ‘n finansiële jaar is dit nodig om weer te gaan kyk wat sê die Bybel oor hierdie saak.
- Want of ons sdit wil weet of nie: ‘n kerk het geld nodig om te funksioneer
  - En baie kerke moes al hulle deure toemaak oor geld.
  - Geen instansie kan bedryf word sonder geld nie.
  - Ook nie hierdie gemeente nie.

En daarom is dit baie belangrik dat ‘n mens van tyd tot tyd daarvoor moet praat.

- En God het ook in Sy Woord vir ons sekere riglyne en voorskrifte gegee.
- En as ons nie daarna kyk nie, sal ons ongehoorsaam wees.

Kom ons praat vanoggend eerlik oor tiendes en dankoffers.

## TIENDES

Mense en kerke praat baie keer van tiendes.

Mens kry selfs mense wat spog met hulle tiendes.

“Ek gee tog my volle tiende vir die kerk”

- Waar kom dit vandaan?
- Moet ‘n mens ‘n tiende (10%) van jou inkomste gee?

- Vir wie moet jy dit gee?
- Wat moet hulle daarmee doen?
- Hoekom moet ek dit gee?

Die heel eerste persoon in die Bybel wat 'n tiende gegee het, was **Abraham**. (Gen 14)

- 'n Klomp konings het oorlog gemaak teen die konings van Sodom en Gomorra.
- Kom ons sê die "Koalisiemagte" het oorlog gemaak teen Sodom en Gomorra.
- Die gebied was vol asfaltgate en die konings van Sodom en Gomorra het daarin geval.
- Die koalisiemagte het hulle gevange geneem.
- En hulle het ook 'n hele klomp mense gevang.
- En tussen hierdie mense was Lot, Abraham se broerskind. (Want hy het ook in Sodom gewoon - dit was nou die Hillbrow of Sunnyside van daai tyd)
- Toe Abraham dit hoor was hy baie ontsteld.
- Hy vat toe al sy mense en sy slawe en gaan maak oorlog teen die koalisiemagte.
- Hy het net 318 mense maar hy sien kans vir die koalisiemagte.
- En hy bevry vir Lot.

Maar oppad terug gebeur daar 'n eienaardige ding.

- Daar kom skielik 'n onbekende man na Abraham.
- Sy Naam is Melgisedek.
- Hy is koning van Salem.
- Hy is ook die "priester van die Allerhoogste"
- Niemand weet mooi waar hy vandaan kom nie.
- Ons weet nie mooi wat se priester hy was nie.
- Ons weet nie waar hy priester was nie.
- Maar hy kom na Abraham toe en kom seën vir Abraham.

En nadat hy vir Abraham geseën het, het Abraham 'n tiende van alles wat hy het aan Melgisedek gegee.

- Dis ongelooflik.
- Daar was heel waarskynlik geen reël of wet wat gesê het hy moet dit doen nie.
- Daar was nog nie tempels en sinagoges wat onderhou moes word nie.
- Daar was nie 'n Leviete stam wat versorg moes word nie.
- Daar was nie 'n diaken wat omgekom het nie.
- Nog voor al daardie goed - dit sou eers jare later kom.

Maar hier is 'n ou wat so aangegryp is deur dit wat God gedoen het, naamlik om hom te bevry/help, dat hy vrywillig 'n tiende van alles weggee. (Vir die priester gee...)

- Tiendes het baie min met 'n wet of 'n voorskrif te doen.
- Dit het baie min met 'n spesifieke kerk te doen.
- Maar dit het baie te doen met 'n mens se hart.
- Dankbare mense gee makliker.
- Mense wat deur die Here aangegryp is gee makliker.
- Tiendes het nie begin by 'n kerkraad iewers in die verre verlede wat gaan sit het en besluit het dat mense tiendes moet gee nie.
- Dit het interessant genoeg begin by die vader van alle gelowiges, Abraham, omdat hy dankbaar was vir dit wat God gedoen het.

Ons kan vanoggend lank praat oor geld.

Ons kan lank praat oor finansies: debatte, voorstelle, teen-voorstelle, laat nagte...

Ons gaan nêrens kom nie, tensy ons by hierdie puny begin:

Om aangegryp te word deur God.

Die tweede keer in die Bybel waar ons van 'n tiende lees, is by **Jakob** (Gen 28:22)

- Jakob is besig om weg te vlug na Laban toe.
- Sy broer Esau wil hom doodmaak.
- En daar langs die slaap hy met sy kop op 'n klip.
- En hy droom van 'n leer wat van die aarde af tot in die hemel gaan en die engele van God klim

op en af teen hierdie leer.

- En as hy die volgende more wakker word, is hy so aangegryp deur God
- En hy noem die plek “Bet-El” want hierdie plek is niks anders as die huis van God nie (28:17)
  - God is hier.
  - God is teenwoordig.
  - Ek het laas nag ‘n ontmoeting met die Here gehad.
- En net daar maak hy ‘n belofte aan die Here:
  - As U my bewaar
  - En as U my eendag veilig terugbring na my ouerhuis.
  - Dan sal ek ‘n tiende van alles wat U vir my gee, vir U teruggee.

Vriende, tiendes het nie in die kerk ontstaan nie.

Tiendes is nie deur vergaderings of kommissies uitgedink nie.

Ook nie deur die godsdiensteleiers 4000 jaar gelede soos wat Steve Hofmeyer sê nie.

Tiendes het ontstaan oral waar mense in die geskiedenis deur God aangegryp is.

En as jy nog nie deur God aangegryp is nie, kan jy baie moeilik deelneem aan ‘n gesprek oor tiendes.

Want dit is iets wat binne in ‘n liefdesverhouding gebeur.

Baie jare later (meer as 500) sou die volk **Israel** uit Egipte bevry word.

- Dit was die grootste oomblik in hulle lewe.
- Om vry te gaan.
- Om na jou eie land te gaan.
- Om jou eie regering te kry.
- Om jou grond te kry.

Maar terwyl hulle oppad is na die Beloofde land, het die Here hulle solank begin gereedmaak.

- Want hierdie ouens was vir 400 jare slawe en hulle moes eers gewoond raak aan ‘n paar goed.
- Hy het vir hulle klomp wette en reëls gegee wat hulle moes nakom as hulle in die land kom.
- Dis waar die boek Levitikus inpas.
- En dan sluit die hele boek Levitikus af met hierdie woorde:

*Lev 27:30-33 “Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy. As iemand daarvan wil terugkoop, moet hy die loskoopwaarde daarvan plus twintig persent betaal. Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here afgekeer word. Daar mag nie goeies of slegtes uitgesoek word nie, en ‘n dier wat afgekeer is, mag nie omgeruil word nie. As iemand so ‘n dier probeer omruil, word albei diere die Here se eiendom. Daar mag nie teruggekoop word nie.”*

Dit sou darem lekker gewees het om basaar te hou in daardie tyd.

- Daar sou genoeg vleis gewees het vir die vleistafel.
- Elke tiende bees is die Here s’n.
- Dit sou nie ‘n probleem gewees het om genoeg produkte te kry nie.
- Want ‘n tiende van al die meel en suiker en bakpoeier is die Here s’n.

Weet julle hoekom moet die kerk vandag met kollektelyste en basaarlyste rondloop?

- (Pienkes en geles en bloues...?)
- Omdat ons (ek ingesluit) vergeet het dat ‘n tiende van alles aan die Here behoort.
- Nog beter gestel: Ons het vergeet dat alles aan die Here behoort.
- En daarom loop ons rond met lyste...
- En daarom spot ons met NG NG NG...
- Daarom voel ons skuldig om vir mense ‘n bydrae of ‘n pakkie meel te vra..

Iewers het iets verkeerd geloop.

Iewers het ons vergeet dat dit wat ons kry van die Here af kom.

## Waarvoor is hierdie tiendes wat die mense gegee het gebruik?

In die eerste plek: vir die **Leviëte** (Num 18:21-28)

- Toe die volk in die land in trek moes die grond verdeel word.
- Daar was 12 stamme.
- Maar die grond is net in 11 dele verdeel.
- Elke stam het 'n deel van die land gekry waar hulle kon bly en boer en lewe.
- Net een stam het nie grond gekry nie.
- Dit was die stam van Levi. (Num 18:23-24)
- Die Leviëte.
- Hulle kon nie gaan boer soos die ander stamme nie.
- Want hulle moes voltyds diens doen by die Tabernakel. (Later by die tempel)
  - Hulle moes die offers reël
  - Hulle moes die aanbidding reël
  - Hulle moes beskikbaar gewees het vir almal wat wil kom offer.
- En daarom moes hulle hulle lewensonderhoud kry uit die offers van die ander stamme.

Daar was nog nie verskriklike kerkgeboue om te onderhou nie.

Daar was nie sendinguitreike en sendingprojekte in verre lande nie.

Daar was nog nie 'n Bybelgenootskap wat geld benodig het om Bybels te druk nie.

- Die tiendes en offers is hoofsaaklik gebruik om vir die priesters en leviëte te sorg.
- Num 18:21 *“Vir die dienswerk wat die Leviëte in die tent van ontmoeting verrig, gee ek aan hulle as hulle besitting al die tiendes wat die Israeliete as offergawe bring.”*

Dis vandag nie baie anders nie.

- Die grootste deel van dankoffers word nogsteeds gebruik om vir die personeel te sorg.
- Die grootste deel van u dankoffer word gebruik om salarisse te betaal aan die leraars, die skriba-kassier, die koster, die orrelis, die skoonmaakster en die algemene werksman.
  - Ongelukkig kry ons nie al die geld (tiendes) soos die Leviëte nie.
  - Ons kry salaris volgens 'n vaste skaal.
  - Ons kry nie meer geld wanneer daar 'n groter dankoffer is nie.

In die begin was dit bitter moeilik en het ek baie skuldig gevoel daarvoor...

- Elke jaar met begrotingstyd is 'n mens weer verleë daarvoor dat die kerk en die lidmate jou moet betaal...

Em dan troos ek my altyd en sê...

- Ons almal betaal mekaar:
  - Tersia word betaal uit die geld wat ander mense vir pille en medisyne betaal.
  - Die dokter word betaal uit die geld wat jy gee om net gesond te kan wees.
  - Frankie word betaal uit ons daaglikse broodgeld.
  - Die dosent by die universiteit word betaal uit die studente se klasgelde..
  - En onsn by die kerk: ja ons word betaal uit julle tiendes en bydraes.
- Maar dit was God se reëling.
- Dis Hy wat dit besluit het.
- Dis Hy wat ons geroep het.
- Dis Sy manier om vir ons te voorsien terwyl ons voltyds in Sy diens is.
- En daarom is ek so dankbaar daarvoor.

In die tweede plek moes die **Leviëte self ook 'n tiende** van dit wat hulle gekry het, vir die Here gee. (Num 18:25-30)

- Dominees het ook 'n plig om hulle tiende vir die Here te gee.
- 'n Dominee wat ander mense oproep om hulle bydraes te verhoog, maar sy eie bydrae nie verhoog nie, is ongehoorsaam.
- 'n Dominee wat die gemeente oproep tot tiendes maar self nie 'n tiende gee nie, is vals.

- En daarom is dit baie belangrik dat nie net die gemeente nie, maar ook die kerkraad en predikante eerlik met die Here sal weer oor hulle bydraes.

Waarvoor is hierdie tiendes van die Leviete gebruik?

- Om Aaron se lewensonderhoud te betaal.
- In vandag se terme: 'n salaris vir die hoëpriester.

Die stamme het elkeen grond gekry.

Hulle moet daaruit leef.

Die priesters en Leviete het nie grond gekry nie.

Hulle moes uit die tiendes van die stamme leef.

In die derde plek, moes 'n deel van die tiendes gebruik word vir die **mense in nood**. (Deut 14:28-29)

*Deut 14:28-29 "Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak. Dan kan die Leviete, wat nie 'n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry het nie, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees in jou omgewing, genoeg eet."*

'N Deel van die tiendes is gebruik om behoeftige mense te help.

'N Deel van u tiende word gebruik om mense in nood te help.

- Ons het 'n koskas.
- Ons het 'n Allimentasiefonds.
- Ons gee maandeliks R500 vir NG Welsyn vir die plaaslike kantoor sodat hulle namens ons ook mense kan help.
- Ons het 'n klerekas vir mense wat klere benodig.
- In die verlede het ons 'n kosprojek in Bothastraat gehad.

Dit kom uit u tiendes en u dankoffers.

## Hoe moes hierdie tiendes gegee word? (Deut 12)

Was dit 'n swaar ding om te doen?

Was dit iets wat soos 'n berg voor jou gelê het?

Was dit iets wat die Priester of Leviet moes kom haal?

Hoe het hulle hulle tiendes gegee?

Gaan lees gerus Deut 12.

Elke jaar was daar 'n groot samekoms gewees

Die mense het van oral af gekom.

En dan het hulle hulle tiendes gebring.

- Olie
- Wyn
- Bier
- Graan
- Vee

En met groot gejuig het hulle bymekaargekom.

Daar was blydschap.

God het hierdie jaar weer vir ons voorsien.

Hy het vir ons 'n oes gegee.

Hy het gesorg dat daar elke dag kos op ons tafels was.

Hy het gesorg dat ons vee nie alles gevrek het nie.

Hy het reën gegee.

Hy het die siektes weggehou.

Daarom bring ons nou ons tiendes vir Hom.

- As dit nie vir Hom was nie het ons niks gehad nie.

En daar in die teenwoordigheid van die Here, by die heiligdom, het hulle feesgevier.

- Daar het hulle 'n deel van hierdie “tiende” van hulle opgeëet.
- Soveel as wat hulle daar kon eet.

En ons?

- Is dit nog lekker om dit vir die Here te gee?
- Gee ons dit omdat Hy vir ons so mooi gesorg het?

Of is dit 'n swaar las?

- “Hierdie kerk wat net altyd wil geld hê...”
- “As hulle dit wil hê, kan hulle dit kom haal...”
- “Nou sal ek dit nie gee nie want die diaken het nie gekom nie..”

Ek droom van die dag wat ons so vol is van dankbaarheid, dat ons self, met blydskap en met vreugde, ons dankoffers vir die Here bring.

## Ten slotte:

Die Nuwe Testament (Jesus self) vertel twee besondere verhale:

Die een gaan oor 'n ryk dwaas.

- Hy was baie geseënd.
- Sy grond het goed gedra.
- Die oes was groot.
- Die Here was goed vir hom.
- Hy het 'n goeie werk gehad.
- Hy het 'n goeie inkomste gekry.
- Maar dit was SYNE.
- Hy het daarvoor gewerk.
- En daarom het hy vir hom nog groter skure gebou.
- 'n Groter bankrekening.
- 'n Nog groter belegging.
- Want dit was SYNE.
- Hy het vergeet waar dit vandaan kom.
- Dit het net oor homself gegaan.
- En een nag is hy dood.
- Jonk dood.
- Skatryk dood.

Daar is ook 'n ander verhaal: die verhaal van die weduwee by die skatkis.

- Sy het 'n karige pensioentjie gekry.
- Sy kon net-net kop bo water hou.
- Daar was nie om te mors nie.
- Om die waarheid te sê: daar was nie iets om weg te sit in die spens of in die skuur nie.
- Maar sy was so gelukkig.
- Haar hart was so vol van dankbaarheid.
- Die Here was so goed vir haar.
- Hy het saam met haar in die eenvoudige huisie op die hoek gewoon.
- Hy het vir haar krag gegee wanneer sy nie meer kon nie.
- Hy het hand gevat wanneer die bene nie meer wou loop nie.
- Hy het haar elke dag verseker dat Hy haar baie liefhet.
- Hy het vir haar mooi kinders en kleinkinders gegee.
- En meeste van alles: Hy het vir haar sonde aan die kruis gesterf.
- Haar hele lewe het oor Hom gegaan.

En daardie dag toe sy in die tempel instap en sy vir Jesus daar sien, kon sy dit nie keer nie.

- Sy wou net vir Hom alles gee wat sy het.
- Sy het die munstukkies uitgehaal wat sy opsygesit het vir Hom.
- Sy sou so baie dinge hiermee kon doen.
- ja, Vir ander mense is dit niks; vir haar was dit baie.
- Sy het nie eers die priesters en skrifgeleerdes raakgesien wat hieruit betaal sou word nie.
- Of die geute van die tempel wat so afdop.

Sy het net vir Jesus gesien - en dit was al wat saakgemaak het.

- En as sy meer gehad het, sou sy meer ingegooi het.
- Want sy sou sou alles gee vir die EEN wat ALLES gegee het.

Ja, sy was so aangegryp deur Hom!

Vriende, die tyd van die Ou Testament is verby.

- Die tyd van al die wette en reëls is in 'n sekere sin verby.
  - 'n Tiende beteken nie noodwendig 10% nie.
  - Ons kan nie 'n tiende gaan bereken nie.
  - Ons kan nie vandag 'n formule uitwerk waarvolgens mense hulle bydrae moet gee nie.
  - Ons kan nie doodeenvoudig 'n tiende afmeet soos in die Ou Testament nie.
  - Die hele samelewing werk vandag anders.
  - Die ekonomie werk anders.

Ja, die OT is in 'n sekere sin vervul want die EEN na wie die OT gewys het, het gekom: Jesus

- En elkeen van ons staan vandag voor Hom.
- En elkeen van ons moet self besluit: hoe gaan ek met my geld dankie sê.
- Hoe gaan ek my bydrae gee.
- Hoeveel gaan ek gee?
- Met watter gesindheid gaan ek dit gee.
- Met watter gesindheid gaan ek 'n pakkie meel vir die basaar gee.

As ek na die skatkis toe kom: kyk ek vas in die priesters en skrifgeleerdes?

- Of sien ek vir Jesus langs die skatkis.
- want dit sal bepaal hoe en wat ek gee.
- Gee ek my basaarbees vir dominees, of vir die Here?
- Hoe lyk my bydrae?
- Is dit in lyn met die salaris wat ek verdien?
- Getuig dit van dankbaarheid teenoor die Here?
- OF is dit net 'n pynlike verpligting?

Die Here vra nie vir ons iets wat ons nie het nie.

- As jy deur moeilike tye gaan, moenie worry oor 'n bydrae nie.
- As dit weer beter gaan, kan jy weer gee.
- Moenie skuldig voel daaroor nie.

Maar as jy een van die mense is met wie dit goed gaan

- Werk
- Blyplek
- Kos en klere

Sê vir die Here dankie.

Gee vir Hom 'n deel van dit wat Hy vir jou gegee het.

Eer Hom met jou dankoffer.